



God se plan vir ons

**‘n Studie uit
Efesiërs**

VOORWOORD

Efese was die belangrikste stad in Westelike Klein-Asië (nou Turkye). Dit het 'n hawe gehad aan die Caysterrivier, wat op sy beurt in die Egeïese See uitgemond het. Efese was veral bekend vir sy manjifieke tempel van Artemis (of Diana), een van die sewe wonders van die antieke wêreld. Dit was ook 'n belangrike politieke, opvoedkundige en kommersiële sentrum, saam met Alexandrië in Egipte en Antiogië van Pisidië, in Suidelike Asië.

Paulus het aan die einde van sy tweede sendingreis vir 'n kort rukkie die gemeente in Efese bedien, en toe vir Priscilla en Aquila daar gelos terwyl hy met sy reis voortgegaan het. Hy het tydens sy derde sendingreis teruggekom na Efese (Hand. 18:18–21; 19:1–41) en vir meer as twee jaar gebly. Gedurende sy tyd in Efese het Paulus gesien hoe baie mense tot geloof in Jesus Christus gekom het en ook hoe baie ander sy prediking in die sinagoges en huise teëgestaan het. Paulus skryf die brief aan die Efesiërs iewers in 60–61 nC. Dit was gedurende hierdie tyd dat Paulus in Rome sy eerste Romeinse gevangenskap ondergaan het (Efesiërs 3:1; 4:1.)

Geleerdes glo dat hierdie brief nie net aan een kerk gerig is nie, maar bedoel was om aan verskeie kerke in die

omgewing rondom Efese deurgegee te word – dus 'n omsendbrief.

Efesiërs is een van Paulus se mees formele briewe. Terwyl Galasiërs instruksies gee wat veral belangrik is vir daardie kerke wat sukkel met wettisisme, handel Efesiërs oor die kern onderwerp van wat dit beteken om 'n Christen te wees – beide in geloof en in die praktyk – ongeag van enige spesifieke probleem in die gemeenskap.

Alhoewel Paulus nie oor 'n bepaalde teologiese of morele probleem geskryf het nie, wou hy hulle teen toekomstige probleme beskerm deur die Efesiërs aan te moedig om volwasse te word in hulle geloof. Die eerste drie hoofstukke van Efesiërs verduidelik die kern van ons geloof. Verlossing, die Heilige Gees, uitverkiesing, verlossing, geloof en Jesus is maar net 'n paar van die leerstellings wat Paulus aanspreek.

Maar hy laat sy lesers nie net met 'n klomp geestelike waarhede agter nie. In die laaste drie hoofstukke wys hy duidelik vir ons hoe gelowiges hierdie lesse in ons eie lewens moet toepas. Hy het verwag dat hierdie geloofsgemeenskap in ooreenstemming met sy hemelse roeping sou wandel.

As 'n omsendbrief is Efesiërs 'n manifes vir die kerk, wat sy wese en identiteit beskryf: wie die kerk is, hoe dit ontstaan het, hoe dit homself moet gedra en wat sy missie is in die groter raamwerk van Christus se versoeningswerk.

Mag hierdie studie uit die Efesiërsbrief jou help om die planne wat God vir jou en die kerk het beter te verstaan en om volwasse te word in jou geloof.

Soli Deo Gloria

INHOUD

	Voorwoord
Week 1	Die basiese beginsels van ons geloof
Week 2	Bid vir die Kerk
Week 3	Onbeskryflike Genade
Week 4	Een in Christus
Week 5	Die Krag en Liefde van Christus
Week 6	God se Plan vir die Kerk
Week 7	Leef as die liggaam van Christus
Week 8	Leef met Wysheid
Week 9	Toegerus vir Geestelike Oorlogvoering
	Bronne